# WIE IS GOD?

## REEKS

**vir die ouer:**

In hierdie reeks gaan ons gesels oor wie God is.  Ons gaan skrif uit die bybel haal wat ons dan met die kinders gaan behandel sodat hulle kan leer wie God is.

Daar is 2 maniere om God te leer ken, dit is deur sy Woord en om tyd met Hom te spandeer.

Wie is God is opgedeel in die volgende lesse:

- God is ons herder
- Die Here is my skild en toevlug
- God is my lig
- Die Here is my lied

Daar is bybel studie bladsye wat afgelaai kan word sodat die ouer kinders die bybel kan vat en dieper gaan delf en meer gaan soek na wie God is.

Vir die kleintjies is daar aktiwiteits bladsye by.

Geniet hierdie ontdekkingsrys saam met jou kinders en lei hulle om meer van God te leer ken.

**Hierdie is 'n saam gesels lessie.**
Lees hierdie vir jou kind

Wat gebeur as dit stik donker is?
As dit loadshedding is in die middel van die nag en dit is bewolk, jy kan nie die maan of sterre sien nie. Hoe voel dit?

Ek hou glad nie daarvan nie, ek hou nie daarvan om in die donker te wees nie want ek loop in goed vas, ek weet nie waar ek is nie en ek weet nie waar enigiets anders om my is nie.

Maar wat gebeur as jy ‘n flits het en hom aansit? Die donker gaan weg, dit is amper asof die donker weg hardloop vir die lig ne.

Kom ons kyk wat se die bybel oor lig en donker.



**Bybel vers:**
PSALMS 27:1 AFR53

1 'n PSALM van Dawid.
Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?

Nou hier sie die bybel, die Here is my lig. Wat gebeur met donker as daar lig is?
Die donker gaan weg ne.

So as ons dan die Here in ons hart het dan is daar mos nie plek vir die donker nie. Nou watse donker sal dit wees waarvan ons praat? Is dit soos as die lig af is donkerte?
Nee, dit is die sonde en die verkeerde goed. Dit is die donker.

# DIE HERE IS MY LIG

**Bybel vers:**
PSALMS 119:105 (AFR53)

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

In Psalms 119:105 sien ons dat Dawid se die Woord van die Here is ‘n lamp vir ons voet en ‘n lig op ons pad.

Nou wat sal dit beteken?


Wanneer ons lees in die bybel (die woord van God) werk die Here in ons harte. Ons kan dan duideliker sien waar ons moet loop, wat Hy wil he ons moet doen en wat nie. Dit is dan soos ‘n flits waar ons loop sodat ons kan sien waar ons trap.

Dan lees ons ook in die woord dat ons die lig moet wees.


**Bybel vers:**
MATTHÉÜS 5:16 AFR53

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.


Wat beteken dit en Hoe moet ons dit doen?
Dit beteken ons moet reg lewe en doen soos wat Jesus in die bybel van ons vra sodat ander mense ook kan sien dat Jesus die lig in ons is. Sodat nog mense na Hom toe kan kom en Hom kan loof en prys.




Dankie Here dat U ons lig is en dat U gekom het om die donker weg te vat.
Amen



# DIE HERE IS MY LIG



# DIE HERE IS MY LIG



EK KAN 'N LIG VIR DIE WERELD WEES

# DIE HERE IS MY LIG




**Bybel vers:**
MATTHÉÜS 5:16 AFR53

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.




**Bybel vers:**
PSALMS 119:105 (AFR53)

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.



**Bybel vers:**
PSALMS 27:1 AFR53


1 'n PSALM van Dawid.
Die Here is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees?
Die Here is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?




**Bybel vers:**
Spreuke 6:23 AFR53

23 Want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die teregwysinge van die tug 'n weg tot die lewe,

# DIE HERE IS MY LIG



# BERE DIE WOORD IN JOU HART



## Mattheus 5:16

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.